***Die noodsaak van `n gistingsproses in die gemoed. Die seën van sorge en siekte. Gelykenis van die gemeste os***

**219** Na die aandete sê **Agab**: "Meester, vanselfsprekend is dit vir my al vanaf Jesaïra baie duidelik wie U is, en vir my en mense soos ek was sulke geweldige tekens nie nodig gewees om ons daarvan voldoende te oortuig **dat U JaHWeH Self is, wat werksaam is deur middel van `n as't ware van die aarde geleende menseliggaam.** Maar ek vra my af of die vyf fariseërs uit Bethlehem, wat origens egte manne van eer skyn te wees, daar regtig niks van kan merk wie die Een sou wees wat hulle siekes so wonderbaarlik genees het. As hulle ook maar enige idee gehad het, dan moet dit vir hulle tog baie voor die hand liggend wees dat `n gewone mens in der ewigheid nie tot so iets in staat is nie. Ek dink dat hulle eers bietjie aan die tand gevoel moet word, dan sal wel gou blyk wat hulle in hulle hart oor U dink."

[2] **Ek** sê: "Vriend, Ek weet presies wat hulle van My dink - Ek hoop nie dat jy daaraan twyfel nie - en daarom vind Ek dit gladnie nodig dat ons hulle in hulle persoonlike bespiegelinge steur nie. Bowendien kom daar môre nog `n dag waarop nog menige sake uitstekend gereël kan word. Laat hulle vannag maar goed deurgis! Want netsoos vir die nuwe mos die gisting nodig is sodat uit die mos `n geesryke wyn ontstaan, so het ook elke mens `n soortgelyke gisting in sy gemoed hoogs nodig as hy wil oorgaan in die volle en ware geestelike.

[3] Kyk, as `n mens alles het wat hy nodig het, dan voel hy homself baie behaaglik; hy het oor niks enige sorge nie, hy doen niks, geniet dit só en vra homself nie af of daar `n God is, of daar `n lewe is na die dood van sy liggaam, of die mens meer as `n dier is en of die dier meer as `n mens is. Berge en dale maak geen verskil vir hom nie, winter en somer doen aan hom niks nie; want in die somer het hy skadu en verkoelde baddens en in die winter het hy `n goeie verwarming en warm klere.

[4] So skeel dit hom ook niks of dit `n goeie jaar was of nie; want ten eerste het hy vir tien jaar alles in voorraad en ten tweede het hy geld genoeg om dit wat hy tekort sou kom, aan te skaf.

[5] Nou, so `n mens leef dan net so rustig voort as `n gemeste os in die stal en dink ook nie veel meer as `n os nie, en is derhalwe ook niks meer as `n genietende dier in menslike gedaante nie.

[6] As jy by so iemand sou kom om hom die evangelie van die Koninkryk van Elohim te predik, dan doen hy met jou presies dieselfde wat die os in die stal doen met `n steekvlieg wat hom pla in sy onbesorgde vretery: die os slaan met sy stert na die "gas" wat hom pla en die vlieg moet vinnig daar padgee om nie platgeslaan of op die minste halfdood geslaan te word nie.

[7] En so iemand, wat slegs aan eet dink en deur geen enkele sorg gekwel word nie, sal sy dienaars, wat eintlik niks anders is nie as die verjagende en afwerende stert van daardie luuksueus lewende mens, opdrag gee om jou daar uit te jaag; en jy sal sekerlik so gou moontlik maak dat jy wegkom om dan op `n behoorlike afstand daaroor na te kan dink wat die invloed van jou evangelieprediking op die vraatsugtige man was.

[8] Maar Ek het die moontlikheid om sulke osse `n baie ander preek vooraf te gee: Ek laat hulle op aarde die een ongeluk na die ander oorkom; daardeur kry hulle allerlei sorge en angste en vrese, hulle begin om na te dink, te soek en te vra hoe dit tog moontlik is dat hulle nou van alle kante beleër word, terwyl hulle tog nooit iemand enige onreg aangedoen het nie en altyd soos netjiese, fatsoenlike mense geleef het!

[9] Maar dit gebeur slegs maar vir die nodige gistingsproses.

[10] As sulke mense dan goed gegis het, het hulle behoefte aan vriende wat hulle weer tot rus sou kan bring; gaan dan na hulle toe en predik hulle die evangelie, en hulle sal na julle luister en nooit weer hulle trotse en woedend om hulleself heen slaande stert teen julle ophef nie!

[11] Wel, om hierdie rede is dit goed dat ons gaste gedurende die nag `n bepaalde gistingsproses deurmaak; daardeur sal hulle gees meer begin werk en dan sal ons dit môre makliker met hulle hê. Sien julle dit nou in?"

***Selfkennis is nodig. Oor rus en die niksdoen. Waarskuwing teen te lang slaap en ledigheid***

**220** **Agab** sê: "O wysheid, o wysheid! Hoe hoog en waar is diegene wat in U woon, en hoe vreeslik dom is ons in vergelyking daarmee! Dit is `n ewige waarheid dat daar niks kan ontstaan sonder `n voorafgaande stryd nie; en tog wil ek nou sonder meer na die Bethlehemiete gaan om hulle gees te verlig! O, ek is tog sekerlik die toppunt van domheid! Die Griekse wyses sê immers: `n Voorwaarde vir elke werksaamheid, is stryd, en elke uitwerking is die gevolg daarvan!" - en ek het dit nooit ingesien nie! Hoe kom dit tog dat ek dit nou wel insien?!

[2] Ja, as daar in die innerlike van `n mens nie `n regte geveg met homself en sy verskillende

lewenselemente plaasvind nie, is alles wat mense van buite af met hom wil doen, nutteloos!

[3] Hoedat leersame woorde in die lewe van `n mens gevolg kan hê, is vir my nou volkome duidelik en byna sou ek hier `n belangrike grondreël vir die lewe wou opstel, en ek glo dat ek dit nie ver mis het nie!" **Ek** sê: "Laat ek eers hoor! Ek wag met My oordeel tot jy klaar gepraat het."

[4] **Agab** sê: "Wat `n mens met die, aan hom van meet af aan verleende, eienskappe nie eers vir homself kan bewerk nie, dit kan geen god hom gee sonder om hom skade te berokken nie. By Elohim is alle dinge moontlik, maar daardeur wen die mens niks nie.

[5] As iemand homself nie eers ken nie, hoe sal hy dan `n ander of ten slotte selfs Elohim kan ken? - Dit is my grondreël. Meester, het ek dit ver mis?"

[6] **Ek** sê: "Nee, vriend Agab, werklik, jy het die spyker nou presies op die kop geslaan, dit is so! Wat die mens homself met sy eie, aan hom verleende krag nie selfstandig verskaf nie, dit mag en kan ook Elohim hom nie gee sonder om hom daardeur sy vrye wil te ontneem nie!

[7] Wees daarom, julle almal, nie enkel en alleen hoorders van My woord nie, maar bring dit steeds in praktyk, dan sal julle gou die seëninge daarvan in julleself begin waarneem.

[8] **Want die lewe bestaan uit doen**, en nie uit die ongebruik laat van die krag waarvan die lewe afhanklik is nie, en daarom moet die lewe ook deur die voortdurende werksaamheid van die gesamentlike kragte, ja, selfs vir ewig, in stand gehou word; want in die "homself ter ruste lê" is daar in sigself geen blywende lewe nie.

[9] Daardie bepaalde gevoel van welbehae wat rus julle gee, is niks anders nie as `n gedeeltelike dood van die, vir die lewe nodige, krag; wie dit steeds aangenamer vind om homself oor te gee aan die rus van die niksdoen, veral aan die rus van die geestelike lewenskrag, dié omarm daardeur steeds meer die werklike dood, waar ook geen Elohim hom so maklik uit sal bevry nie!

[10] Immers, daar is ook `n goeie rus wat vol lewe is, maar **dit is `n rus in Elohim** en dit is `n, vir elke mens, onbeskryflik saligmakende gevoel van tevredenheid oor die besig wees volgens die wil van Elohim.

[11] Die salige gevoel van tevredenheid en die duidelike besef dat deurentyd waaragtig volgens Elohim se orde te gehandel het, **is die bewuste, egte rus in Elohim** en slegs dít is vol lewe, omdat daar altyd baie energie uit voortspruit wat tot optrede lei. Elke ander rus wat bestaan uit die opgee van die lewenskrag, is egter, soos reeds gesê, in soverre `n ware dood as die mate waarin die verskillende lewenskragte hulleself onttrek het aan werksaamheid en dit nie weer opneem nie. - Begryp julle dit?"

[12] **Judas Iskariot** sê: "Meester, as dit so is, dan moet die mens die slaap soos die pes vermy; want slaap is tog ook `n rus van `n aantal lewenskragte, al is dit dan ook uiterlik!"

[13] **Ek** antwoord: "Sekerlik! Daarom sal langslapers ook nooit so besonder oud word nie. Wie sy liggaam in sy jeug vyf uur en as ouere ses uur slaap gun, sal ook meestal `n hoë leeftyd bereik en lank `n jeugdige uiterlike behou, terwyl `n langslaper gou verouder, `n plooierige gesig en grys hare kry en op latere leeftyd soos `n skim daar uitsien.

[14] Soos die liggaam egter deur te veel slaap steeds meer afsterf, net so en nog veel sterker is dit die geval met die siel, as sy steeds meer nalaat om volgens My woord en wil werksaam te wees.

[15] As die niksdoen homself egter eenmaal in `n siel genestel het, dan nestel homself daar ook spoedig die sonde; **want die niksdoen is niks anders as eieliefde nie,** wat elke opoffering vir iemand anders steeds meer ontvlug, omdat hy in wese niks anders wil as dat al die ander ten behoewe en ten gunste van hom sal werk nie!

[16] Vermy daarom ook veral die niksdoen; want dit is `n ware saadkorrel vir alle moontlike sondes!

[17] Die verskillende roofdiere mag dalk as voorbeeld vir julle dien. Kyk, hierdie diere gaan slegs maar tot hulle verderf bringende besigheid oor as hulle deur `n rasende honger gedryf word; het hulle hul buit verower en hulle honger gestil, dan gaan hulle dadelik weer na hulle gate en rus daar dikwels dae lank; by name die slange.

[18] Kyk dan eers na `n rower! Hierdie mens wat anders heeltemal werksku, en eintlik `n duiwel in `n menseliggaam is, lê daelank êrens in sy rowersnes; slegs as die wagpos hom meedeel dat daar `n ryk karavaan langs sy rowersnes verby gaan trek, gaan hy met sy kornuite saam op loer lê en val dan die verbytrekkende karavaan meedoënloos aan, en beroof hulle en vermoor die koopliede om nie verraai te word nie! En dit is `n vrug van die niksdoen.

[19] Ek sê daarom nogmaals: Wees veral op julle hoede vir die niksdoen; want dit is die weg en die breë deur tot al die moontlike sondes!

[20] Na gedane arbeid is `n matige rus goed vir die ledemate, maar `n oormatige rus is slegter as heeltemal geen rus nie."